**ORGIDEëVERENIGING VAN NOORD-TRANSVAAL**
**Aansoek om Lidmaatskap**
**REG. No 036-068-NPO**

**Inligting oor ONT**

Die **Orgideëvereniging van Noord-Transvaal (ONT)** se doel is om die kweek van orgideë onder sy lede, naamlik, stokperkjie en kommersiële kwekers en die publiek te bevorder. Verder ondersteun ons ook die bewaring van orgidë en ander plante in die natuur. Die ONT se lede kom grootliks uit die Noord-Gauteng area met Pretoria as setel, maar ons het ook lede dwarsoor Suid-Afrika. Die Vereniging, saam met meer as twintig ander verenigings, is met die **Suid-Afrikaanse Orgideë Raad (SAOR)** geaffilieer, wat voordele bied soos o.a. hieronder aangedui word. Die volgende aktiwiteite en fasiliteite word deur die ONT aangebied tot voordeel van ons lede en om ons doelwitte uit te leef:

- **Maandvergaderings elke tweede Dinsdag van elke maand, Januarie tot November**, waar kundige sprekers, praatjies of demonstrasies oor aspekte soos optimale kweking van orgideë, groeihabitatte in die natuur, plantverbetering deur teling, beoordeling van plante, ens, lewer;
- **Paneelbesprekings** oor orgideë en die kweking daarvan;
- **Planttafel besprekings**: Lede word aangemoedig om blommende plante na die maandvergadering te bring, waar kundiges inligting oor die plante, hul bloeiwyse en kweking bespreek;
- **Orgideëskoue,** meestal twee maal per jaar, oop vir die publiek, waar lede se plante tentoongestel word. Die plante word aan die hand van 'n formele stelsel vir gehalte beoordeel en ge-evalueer;
- **Geleentheid om orgideëplante te koop en verkoop** by die maandvergaderings en skoue;
- **Maandelikse orgideë studiegroep vergadering** vir opleiding van beoordeelaars, kwaliteit beoordeling van uistaande gehalte, orgideëblomme en meer indiepte bespreking van spesies en kruisings.
- **Gereelde kweekhuisbesoeke** by lede en kommersiële kwekerye;
- **Toegang tot 'n uitgebreide biblioteek** met boeke oor alle aspekte van orgideë;
- **Maandelikse nuusbrief** wat per pos of e-pos gestuur word;
- **Orgideë jaarboek en nuusbriewe van die SAOR;**
- Spesiaal georganiseerde **Seminare** en die **drie-jaarlikse SAOR Nasionale Skou en Konferensie**

Maandvergaderings word om 19.30 elke twee Dinsdag van elke maand (behalwe Desember) gehou by die Kerksaal van die NG Kerk Waverley-Oos, h/v Trumper- en Dickensonstrate, Waverley.
Verdere inligting kan verkry word van ons webtuiste: www.ont.co.za E-pos adres: Orchids.ont@gmail.com
Vul asseblief onderstaande skeurbrief in indien u aansoek wil doe nom lidmaatskap en pos aan die volgende adres:

**Die Ledesekretaris, ONT, Posbus 34900 GLENSTANTIA 0010**

---

**AANSOEK OM LIDMAATKSAP; ORGIDEëVERENIGING VAN NOORD-TRANSVAAL:** Ek/Ons doen hiermee aansoek om lidmaatskap van ONT

| | **LID** | **EGGENOOT** |
|---|---|---|
| Titel | ---------- / | ---------- |
| Van | ---------- / | ---------- |
| Noemnaam | ---------- / | ---------- |
| ID Nommer | ---------- / | ---------- |
| Beoroep | ---------- / | ---------- |
| Posadres | ---------- / | ---------- |
| Woonadres | ---------- / | ---------- |
| Werkadres | ---------- / | ---------- |
| E-Pos | ---------- / | ---------- |
| Telefoon Huis | ---------- / | ---------- |
| Telefoon Werk | ---------- / | ---------- |
| Faks | ---------- / | ---------- |
| Selfoon | ---------- / | ---------- |
| Huistaal | ---------- / | ---------- |
| DATUM | ---------- | |

**Huidige intreefooi**: R20 eenmalig + **Huidige Lidmaatskapfooi** R240.00 = Tjek vir R260.00 ingesluit

**Handtekening:** ---------- Tjek aan: Orgideëvereniging van Noord-Transvaal
ABSA: Tak 335245 Rekening 1430157023